higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

(13030115)

28 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en DRIE addenda van 4 bladsye.

109Q1B2028

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Beantwoord VRAAG 6.2 op ADDENDUM C. Skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasies wat voorsien word. Maak die addendum los van die vraestel en plaas dit in die ANTWOORDBOEK.
7. AL die antwoorde moet VOLSINNE wees, tensy anders aangedui.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Hoofregter van die Konstitusionele Hof word deur 10 regters bygestaan. ⌘

1.1.2 'n Kommissaris is 'n voorsittende beampte van die Hof vir Klein Eise.

1.1.3 Regsadviseurs het gewoonlik dieselfde kwalifikasies as prokureurs en advokate.

1.1.4 Slegs 'n advokaat kan as 'n openbare vervolger namens die staat optree.

1.1.5 Alle afgehandelde lêers moet vir 'n tydperk van minstens drie jaar in die prokureur se kantoor gehou word.

1.1.6 Nasionale reg reël die verhouding tussen verskillende lande.

1.1.7 Gewoontereg is die belangrikste bron van Suid-Afrikaanse reg.

1.1.8 Diefstal is 'n voorbeeld van 'n gemeenregtelike oortreding. ⌘

1.1.9 Die reg van die hof om 'n saak te hanteer, staan bekend as jurisdiksie.

1.1.10 Hooggeregshofdokumente moet in blouswart of blou ink getik of gedruk word.

1.1.11 'n Kodisil is 'n byvoeging or addendum by 'n bestaande testament.

1.1.12 Slegs die eerste en laaste bladsy van 'n testament moet geparafeer word. ⌘

1.1.13 Nasate van 'n testateur sluit in ouers, grootouers en oorgrootouers.

1.1.14 'n Gesamentlike testament is 'n eenvoudige dokument waarin een persoon sy/haar wense rakende sy/haar boedel uitspreek.

1.1.15 Die Meester is gewoonlik vir die administrasie van die oorledene se boedel verantwoordelik.

(15 × 2) (30)

1.2 Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Lewer alle hofdokumente af, byvoorbeeld ’n dagvaarding	A	landdroshof
1.2.2	Tree slegs in raadgewende hoedanigheid in sekere regsake op	B	Konstitusionele Hof
1.2.3	Die oudste regskeppingsmetode	C	KVBA
1.2.4	Reg wat uit hofbeslissings voortvloei	D	balju
1.2.5	’n Aanspraak word deur die regter in die geregshof van die hand gewys of verwerp	E	siviele aksie
1.2.6	’n Regsgeding wat ’n individu teen ’n ander individu behels	F	beëdigde verklaring
1.2.7	’n Hof van eerste instansie	G	kwytskelding
1.2.8	’n Onafhanklike liggaam, ongeaffilieer by enige politieke party	H	strafregtelike handeling
1.2.9	Die oogmerk daarvan is om ’n feit te bewys	I	gewoontereg
1.2.10	’n Handeling wat twee individue bind	J	gemenereg
		K	prokureur
		L	regsassistent
		M	regspresedent
		N	ooreenkoms

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige VYF vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

Die toelatingsvereistes vir regspraktisyns (prokureurs of advokate) in Suid-Afrika word tans deur die Wet op Regspraktyk voorgeskryf. Alle persone wat die professie wil betree, moet hierdie vereistes nakom om as 'n prokureur of advokaat toegelaat te word.

2.1 Skryf die voorgeskrewe akademiese kwalifikasie (graad) neer wat 'n persoon moet verwerf ten einde vir toelating as prokureur te kwalifiseer. (2)

2.2 Die name van alle gekwalifiseerde en praktiserende prokureurs verskyn op 'n lys, bekend as die ... ⌘ (2)

2.3 Beskryf enige VIER take wat 'n prokureur tipies verrig wat die werk beskryf wat hulle doen. (4 × 2) (8)

2.4 Jy word versoek om aan medestudente die verskille tussen die opleiding en funksies van prokureurs en advokate te verduidelik.

Gee jou antwoorde in tabelvorm. (4 × 2) (8)

2.5 'n Baie goeie vriend van jou, wat werksaam is en onlangs getroud is, nader jou en versoek jou om 'n testament vir hom op te stel. ⌘

Adviseer hom oor die formaliteite wat nagekom moet word sodat enige testament geldig kan wees. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1 Regsdokumente moet aan die voorgeskrewe vereistes rakende tikwerk en voorbereiding voldoen. Die Griffier van die Hoë Hof of die Klerk van die Laerhof kan regsdokumente weier indien dit nie aan die hof se vereistes voldoen nie.

Gee SES van hierdie voorgeskrewe hofvereistes. (6 × 2) (12)

3.2 Bespreek *sekwestrasie* in jou eie woorde. Moenie 'n voorbeeld gee nie. ⌘ (4 × 2) (8)

3.3 Jy wil 'n klag indien teen jou prokureur, mnr Leto Maputla, wat jou geld gesteel het. Jy het voldoende bewys hiervoor.

3.3.1 Waar sal jy 'n formele klag teen mnr Maputla aanhangig maak? (2)

3.3.2 Verduidelik die stappe wat jy sal volg om jou klag aanhangig te maak. (4 × 2) (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Jy werk as regsekretaresse by 'n prokureurskantoor. 'n Kliënt wat 'n huurooreenkoms moet voltooi en onderteken, vra vir jou wat sy moet skryf in die gedeelte wat verwys na die kliënt se *domicilium citandi et executandi.*

Verduidelik kortliks wat hierdie Latynse term beteken. ⌘ (2)

4.2 Raadpleeg ADDENDUM A wat aan die vraestel geheg is en beantwoord die vrae.

4.2.1 Noem die naam van die deponent van hierdie beëdigde verklaring. (2)

4.2.2 Noem 'n rede waarom hierdie verklaring afgelê is. (2)

4.2.3 Is beëdigde verklarings oor die algemeen bindend? Sê 'ja' of 'nee' en gee 'n geskikte rede vir jou antwoord. (3)

4.2.4 Kan 'n beëdigde verklaring met die hand geskryf word? Sê 'ja' of 'nee' en gee 'n geskikte rede vir jou antwoord. (3)

4.2.5 Wie bekragtig die egtheid van 'n beëdigde verklaring? ⌘ (3)

4.2.6 Oorweeg die volgende situasie en lewer kommentaar. Nadat sy 'n beëdigde verklaring afgelê het, besef Yolanda dat sy 'n fout gemaak het. Kan haar beëdigde verklaring herroep of gewysig word? Sê 'ja' of 'nee' en gee 'n geskikte rede vir jou antwoord. (3)

4.2.7 Gestel dat 'n beëdigde verklaring deur die deponent teruggetrek of reggestel kan word. Dui aan hoe die deponent te werk kan gaan om foute wat op die beëdigde verklaring aangebring is, reg te stel. (2 × 2) (4)

4.2.8 Is daar 'n ouderdomsgrens of -vereiste wat die ondertekening van 'n beëdigde verklaring betref? Sê 'ja' of 'nee' en gee 'n geskikte rede vir jou antwoord. (3)

4.2.9 Lewer kommentaar oor die volgende stelling: ⌘

'n Minderjarige kan 'n beëdigde verklaring aflê en onderteken mits hy/sy oud genoeg is om die betekenis daarvan en die bevestiging van feite te verstaan. (2)

4.2.10 Wat sal met jou gebeur as jy in jou beëdigde verklaring sou lieg?

WENK: Beklemtoon die betekenis en gevolge van leuens vertel. (3)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees ADDENDUM B wat aan die vraestel geheg is en beantwoord die vrae.

5.1.1 Identifiseer die regsdokument in ADDENDUM B korrek. (2)

5.1.2 Wat is die oogmerk en doel van dokument J155 in die addendum? (2)

5.1.3 Verduidelik kortliks (in algemene terme) wie die applikant in paragraaf 3 van dokument J155 is. ⌘ (2)

5.1.4 Veronderstel 'n situasie waar die oorledene nie iemand aangestel het om die boedel te administreer nie. In watter verhouding tot die oorledene moet iemand staan voordat hy/sy as eksekuteur van die oorledene se boedel aangestel kan word?

WENK: Noem TWEE sulke persone. (2 × 2) (4)

5.1.5 Bestudeer ADDENDUM A van VRAAG 4.2 hier bo. Yolanda Krutani het 'n beëdigde verklaring afgelê waarin sy die familielede van die oorledene, haar vader, Johannes Krutani, opgenoem het. Indien Yolanda ten tyde van die aflegging van die beëdigde verklaring 'n minderjarige was, sou die Meester dit oorweeg om haar as eksekuteur datief van haar vader se boedel aan te stel? Verduidelik kortliks. (2)

5.1.6 Verduidelik die korrekte betekenis van die term *ongerehabiliteerde insolvent* in paragraaf 10 van dokument J155. (2)

⌘

5.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Jy het onlangs die Diploma in Sekretariële Regshulp op NKR Vlak 6 behaal. Jy werk by 'n prokureurskantoor. 'n Lid van die publiek het jou genader en gevra of daar iemand in die kantoor is wat hom raad oor 'n persoonlike probleem kan gee.

Die persoon het 'n huis gekoop en wil iemand aanstel om die oordrag van die eiendom in sy naam te hanteer. Hy sal vir 'n geruime tyd in die buiteland wees vir werk en het iemand nodig om hierdie saak namens hom te hanteer.

Jy weet dat dit oneties is vir 'n regsassistent om regsadvies te gee. Jy lig dus die persoon in dat jy hom dalk sal kan help, maar dat dit in sy belang sal wees om 'n afspraak te maak om een van die prokureurs te spreek by die firma waar jy werk.

5.2.1 Voordat jy die persoon adviseer met betrekking tot die tipe volmag waaruit hy kan kies, watter bepaalde vraag sal jy hom vra ten einde te besluit oor die advies wat jy gaan gee? (2)

⌘

5.2.2 Adviseer hierdie persoon oor watter tipe volmag die beste in sy behoeftes sal voorsien en gee 'n aanvaarbare rede vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.2.3 Watter bepaalde volmag sal jy aanbeveel, waar ’n hoë mate van vertroue tussen die gewer en die gevolmagtigde bestaan? (2)

5.2.4 Skryf ’n geldige rede vir jou keuse in VRAAG 5.2.3 hier bo neer. (2)

5.2.5 Aanvaar dat die volmag aan prokureur X gegee is, wat in vennootskap met vier ander prokureurs is. Op die dag waarop die oordrag deurkom, is prokureur X nie beskikbaar nie. Sal die oordrag van die huis steeds voortgaan soos oorspronklik beplan? ⌘

Sê 'ja’ of ‘nee’ en gee ’n geskikte rede vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.2.6 Wat is die rede vir die insluiting van die woorde *met mag van substitusie* in ’n volmagdokument? (2)

[30]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die negatiewe gevolge van insolvensie. (5 × 2) (10)

6.2 Jy is Lucy Diale en werk as ’n sekretaresse in ’n prokureursfirma bekend as Big Five Global. Op 25 Mei 2020 om 10:00 ontvang jy ’n telefoonoproep van ’n kliënt, mnr Sibeko (’n sakeman). Hy wou met een van die prokureurs, mnr Wayne Luzett, praat, wat tans met vakansie is. Nadat jy die inbeller oor mnr Luzett se onbeskikbaarheid ingelig het, het jy die besonderhede van mnr Sibeko se boodskap afgeneem. Hy wou sy afspraak met mnr Luzett op 28 Mei 2020 kanselleer. ⌘

Gebruik die aangehegde ADDENDUM C om die telefoonboodskap te voltooi wat vir mnr Luzett afgeneem is.

LET WEL: Maak ADDENDUM C los van die vraestel en plaas dit in die ANTWOORDBOEK. (10)

6.3 Hou die telefoonoproep van mnr Sibeko in VRAAG 6.2 hier bo en die boodskap wat jy vir mnr Luzett afgeneem het in gedagte. ⌘

Noem VYF handelinge of prosedures waarmee jy seker sal maak dat mnr Luzett hierdie boodskap ontvang wanneer hy op 27 Mei terug is by die werk. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 7

7.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Jy werk die afgelope ses maande as ’n sekretaresse in ’n regsfirma. By een van die vergaderings word genoem dat die kantoorklerk sukkel met die kantoorliasseerstelsel wat tans gebruik word.

Toe hy dit hoor, het die senior vennoot jou genader en versoek om ’n nuwe liasseerstelsel vir die praktyk te ondersoek en in werking te stel. ⌘

Jou kantoor gebruik tans ’n gesentraliseerde alfabetiese liasseerstelsel waarvolgens kliënt- en ander administratiewe lêers volgens die horisontale liasseermetode geberg word.

7.1.1 Sedert jy gevra is om ’n nuwe liasseerstelsel in jou kantoor in werking te stel, het jy navorsing gedoen en die volgende data (hier onder) aangetref.

Wil jy ’n nuwe liasseerstelsel in werking stel wat die manier waarop jy jou lêers in jou regspraktyk organiseer, verbeter? Gebruik hierdie wenke en sien self die resultate!

Belangrikste dinge eerste: Kyk goed na jou huidige stelsel.
Herstel orde in jou kantoor.
Stel jou eie stelsel op wat die volgende behels: behou of gooi weg.
Organiseer alles asof daar geen toekoms is nie.
Ontwerp jou eie stelsel.
Deurvoering en oudit moet gereeld plaasvind. ⌘

Dink jy die bostaande wenke kan ’n verskil aan jou huidige situasie maak? Evalueer krities en motiveer kortliks jou besluit om die bostaande wenke in jou nuwe kantoorliasseerstelsel in werking te stel. (2 × 2) (4)

7.1.2 Noem TWEE redes waarom jou huidige liasseerstelsel en -metode nie na wense werk nie.

WENK: Ondersoek jou bestaande liasseerstelsel en metode om uit te kom by die redes waarna jy op soek is. ⌘ (2 × 2) (4)

7.1.3 Gee ’n kort verduideliking van die liasseermetodes en -stelsels wat jy in werking wil stel en waarom jy daarop besluit het. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

7.2 Een van die doelstellings van die vak Regspraktyk is om aan studente 'n basiese kennis en begrip te gee van die rol en funksies van die onderskeie regspraktisyns wat reg in sowel die openbare as private sektor in Suid-Afrika beoefen. ⌘

In die lig hiervan, kopieer die onderstaande tabel in die ANTWOORDBOEK en voltooi die oop spasies, soos aangedui.

	Kwalifikasies	**Aard van werk**	**Hof/howe waarin hulle (mag) verskyn**	**Tipes sake aangehoor**
Prokureurs				
Kommissarisse				
Landdroste				
Regsassistente				

⌘

(16)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

GP-S 81/811521

J192

(81/811521)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

BEËDIGDE VERKLARING

BESONDERHEDE VAN NAASBESTAANDES

Ek, ...Yolanda Krutani.
.....

Van Proteastraat 120, Wynberg, 7800
.....
.....

*lê hiermee 'n eed af en verklaar dat dit 'n ware en volledige verklaring is van die Naasbestaande van die oorledene, en ek lê hierdie verklaring te goeder trou af, en glo dat dit die waarheid is.

.....Y. Krutani**.....** **.....**Y. KRUNTANI**.....**

Handtekening *Skryf Naam en Van in drukletters*

Onderteken en *beëdig voor my te ... WYNBERG, KAAPSTAD……

hierdie 4de.. dag van..MEI**.....** in die jaar **...**2020**.....**

Die deponent het erken dat hy/sy kennis dra van die inhoud van hierdie beëdigde verklaring, dit verstaan en daarmee volstaan.

.....P. J. van der Merwe.. (kaptein SAPD) 19957821**.....**
~~*Landdros/Vrederegter~~/Kommissaris van Ede

Gebied ten opsigte waarvan aangestel ...WYNBERG-POLISIEKANTOOR, KAAPSTAD

Indien aanstelling ex officio beklee word, meld amp wat beklee word .....

* Skrap indien nie toepaslik nie.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

* Afsonderlike beëdigde verklarings moet ten opsigte van elke vooroorlede kind voltooi word.

Name en adresse van die naasbestaandes van wyle .JOHANNES KRUTANI.....

wat gesterf het te WYNBERG, KAAPSTAD..... op ...7 APRIL 2020.....

(Plek) (DATUM)

LET WEL: Die sterfdatum moet ingevoeg word teenoor die naam van enige oorlede familielid. Teenoor daardie grade van verwantskap ten opsigte waarvan die oorledene nooit enige familielid gehad het nie, moet die woord 'GEEN' ingevoeg word.

Familielede waarvoor verantwoording gedoen moet word	**Name van familielede en graad van verwantskap**
1. Langslewende gade:	Eunice Akha Kruntani
2. Kinders en geboortedatums. Meld ook name van vooroorlede kinders en hul sterfdatums:	Yolanda Kruntani (gebore 30 Sep 1994) Thabo James Krutani (gebore 23 Jan 1988) Alfred Krutani (oorlede 12 Jan 2014)
Ignoreer vrae 3, 4 en 5 as die oorledene kinders of nasate nagelaat het. 3. Vader van oorledene: Moeder van oorledene:	
Ignoreer vrae 4 en 5 as die ouers albei nog lewe. 4 Broers en susters van die oorledene. Noem of hulle volbloed of halfbloed is, en hul adresse en geboortedatums. Noem die name van die stiefouer en halfbroers en halfsusters:	
5. Name van broers en susters wat dood is, sterfdatums, en name, adresse en geboortedatums van hul kinders, indien enige	

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

ADDENDUM B

J155

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

ONDERNEMING EN AANVAARDING VAN MEESTER SE VOORSKRIFTE DEUR EKSEKUTEUR/EKSEKUTRISE

[ARTIKEL 18 (3), WET No. 66 van 1965

BOEDEL No.
……

1. Boedel wyle .....
(Volle voorname en van)

gesterf op ..... | | | | | | | | | | | | | |

Identiteitsnommer

2. Distrik waar oorledene woonagtig was .....

3. Volle name van applikant .....

Identiteitsnommer 'n Gesertifiseerde afskrif van die applikant se

Identiteitsdokument moet hierdie vorm vergesel

4. Verwantskap tot oorledene .....

5. Woonadres ..... Posadres .....

Telefoonnommer (Huis) ..... **- ……** Telefoonnommer (Werk) ..... **- …….....**

6. Naam en posadres van agent (indien toepaslik)

.... Telefoonnommer **- …….....**

7. Ek onderneem om die boedel te administreer, om die skulde uit die boedelbates te betaal en enige saldo volgens die Meester se voorskrifte kragtens artikel 18 (3) van die Boedelwet, 1965, te verdeel, en aanvaar dat ek gebonde is deur enige wysiging of kansellasie van sodanige voorskrifte.

8. Ek onderneem dat ek geen bate(s) sal administreer wat nie in die artikel 9-voorraad weerspieël word nie, en sodra dit aan my bekend word dat die waarde van die bates R250 000 oorskry, dit by die Meester aan te meld en die voorskrifte terug te stuur.

9. Ek bevestig dat, na my wete, die boedel solvent is en onderneem om die Meester onmiddellik in te lig indien ek daarvan bewus raak dat die boedel insolvent is. Dat die bekende las/te van die boedel na my wete soos volg is:
…….....

10. Ek verklaar hiermee dat ek nie 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie.

Onderteken op ..... **.....**
(Datum) ***Handtekening van applikant***

.....
SKRYF NAAM EN VAN IN DRUKLETTERS

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN GRONDWETLIKE ONTWIKKELING

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

ADDENDUM C **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 6.2

BOODSKAP

Aan _____

Van _____

Telefoon _____ Datum _____

	Het geskakel	Het jou kom spreek	
	Skakel asseblief terug	Wil afspraak maak	
	Sal weer skakel	Het teruggeskakel	

Boodskap

_____

_____

_____

_____

Tyd _____

Afgeneem deur _____

Kopiereg voorbehou